# SWART OP WIT

j g 1/3 'n tydskrif wat regsinnig én leesbaar wil wees 1985


# DIE PROBLEEM VAN GESAMENTLIKE AANBIDDING

Daar bestaan nie iets soos 'n geslote kerk nie. Christus het van ons kinders van die Vader gemaak, en daarom is ons mekaar se broers en susters en klaar. Om broers en susters te verbied om saam met hulle Vader te praat, is 'n tirannie wat sy oorsprong nie in die liefde van God het nie.

Maar nou leef ons op 'n aarde met baie bloed en trane; nie net met die gerugte van oorlöë nie, maar met die oorloë self. En met noodtoestande. Niemand wil die noodtoestande hê nie, maar dit word soms net onvermydelik. As mense mekaar aan die brand steek, en dan op die sterwende dans en haar opeet, dan is dit 'n noodtoestand of jy dit wil hê of nie.

En in 'n militêre noodtoestand kan die kerke van die Heer en die broers en susters nie maar maak wat hulle wil nie. Hulle kan nie maar sommer oorstap na die Duitsers of die Engelse, die Russe of die Zoeloes toe omdat dáár nou kerk gehou gaan word nie. Hulle sal in die mynveld beland of geskiet word.

* * *

Suid-Afrika is 'n ontmoetingspunt tussen twee kulture, twee wêrelde. 'n Hoogs geïndividualiseerde Westerse kultuur, en 'n derdewêreldse primitiewe kultuur. En soos oral in die wêreld en die geskiedenis spat die vonke dikwels waar sulke ontmoetings plaasvind. Die algemene reël onder sulke omstandighede, is spanning en konflik. Vreedsame gemoedelikheid is die uitsondering op die reël — behalwe as daar 'n duidelike verstandhouding bestaan oor wie baas en wie klaas is.

In hiérdie (nood-) situasie moet die kerke van Christus hulle weg in Suid-Afrika vind. In hiérdie situasie moet hulle saam bid, al is dit dan die meeste van die tyd op aparte plekke. Hulle moet bid vir vrede. Vir die koms van die koninkryk, vir 'n vrede waarin die leeu en die lam saam sal kan wei.

Dit is die enigste uitweg. Die probleme van Suid-Afrika kan nòg met linkse rewolusie, nòg met regse skiet-hulle-vrek opgelos word. Dit sal ons nêrens bring, behalwe in 'n hel nie.

Wat sal ons dan doen?

Die staat en die politiek sal die vrede en die orde handhaaf, en praat, en kyk wat politiek haalbáar is. Hy sal middels en tegnieke gebruik wat rekening hou met ons heterogene situasie, en nie 'n politieke tydbom stel wat beskawing en lewenstandaarde sistematies vernietig nie.

En die kerk sal bid, en die hande na mekaar bly uitsteek, en die owerhede bemoedig en verseker dat daar wis en seker 'n nuwe aarde kom, en dat al die moeite die moeite werd is.

Maar die Afrikaanse Gereformeerde Kerke is dan nie wesenlik oop nie? Hoe kan Christene wat waarlik vrede in Suid -Afrika verlang, saamkom om daarvoor te bid en mekaar te bemoedig as hulle nie weet of iemand hulle by die deur gaan voorkeer nie?

My oplossing daarvoor mag kinderlik eenvoudig lyk, maar ek glo eenvoudig vas aan hom, en het by geleentheid met 'n groot meerderheid 'n sinode daarvan oortuig — teen die aanbeveling van 'n kommissie in.

Ons moet die naam van die Nederduitse Gereformeerde Kerk verander na die Afrikaanse Gereformeerde Kerk. Nederduits het 'n onsaaklike misplaaste onbegrepe voorvoegsel geword. Ons moet die kerk se naam laat sê wat hy wesenlik is, naamlik **Afrikaans**, en dan moet ons hom prakties en eg oopstel. Net so maklik soos wat ek 'n wit Franse vriend met my mag saamneem kerk toe, moet ek 'n Sotho-vriend kan neem. Al verstaan hy in albei gevalle niks of baie min. En as iemand, enigiemand, hom wil neerlê by die Afrikaanse en gereformeerde karakter van die kerk, is hy welkom om weer te kom en sy geloof daar te bely met alles wat dit impliseer.

Dit is die enigste prinsipiële weg wat ons kan inslaan, en as Afrika die blankes nie wéér 'n keer uitspuug nie, sal die geskiedenis bewys dat dít die oplossing was.

Prakties sal daar nie veel aan die huidige situasie verander nie, behalwe dat dit verdedigbaar sal word. Gasvrye, ope kerke wat mekaar hulle kultuur gun. Die een hou vyftig minute kerk, en die ander vyf ure. Maar die een is nie 'n baaskerk, en die ander 'n klaaskerk nie.

Ek het geen illusie oor hoe moeilik dit sal wees nie. Net eergisteraand wou 'n man sy dankoffertjie terugvat toe ek en die diaken hom nie wou verseker dat kaffers nooit in die kerk toegelaat sal word nie. Daarom moet ons met die uiterste geduld werk.

En, wie weet, as die tyd ons genadiglik gegun word, kry ons dalk ook nog die drie Afrikaanse gereformeerde kerke onder één naam verenig.

### HOE GETUIG DIE KERK BY DIE STAAT?

Daar word wyd en syd gepraat oor hoe die kerk die staat se gewete moet wees, en dan weer oor hoe die kerk vir die staat moet bid, en die lidmate tot gehoorsaamheid moet aanspoor. Niemand kan iemand kwalik neem as hy vandag nie weet hoe kerk en staat met mekaar saam lewe en skakel nie. Hoe geleerder dit gesê word, hoe minder begryp.

Na die gemene verraad van die mense teen die koninkryk van God in die paradys en herhaaldelik in die geskiedenis, kon God die mense uitgewis het, maar Hy het nie. Hy het hulle begenadig, en al die eeue deur het Hy sy genadewoorde bly praat.

Toe die tyd ryp was, het Hy hulle skuld kom betaal, en hulle steeds nie doodgemaak toe hulle Hóm doodmaak nie.

En toe het Hy die kerk die wêreld ingestuur om hierdie genadewoord en gebeurtenis te gaan verkondig en te bedien: dat God Homself met die wêreld versoen het. Dat die koninkryk nou naby en onstuitbaar aan die kom is. Die ryk waarin daar net vrede sal wees, en geen dood en leed meer nie.

Dit is die opdrag van die kerk. Die kerk is 'n bedienaar, 'n bediende van die evangeliewoord van God. Luister mense, nog net 'n bietjie vasbyt, nog net 'n bietjie glo — daar kóm 'n nuwe aarde.

En as die mense hierdie woorde glo, word hulle werk sinvol, en rig hulle tekens op van die koninkryk wat kom. Hulle bou skaalmodelletjies. Soos 'n seun wat eendag vlieënier wil word, nóú al modelvliegtuigies bou.

Die staat doen dit ook.

Die taak van die staat is om aan die kerk die ruimte te gee om hierdie woorde te laat hoor. Die ruimte en die orde. Die staat is nie die dienaar van die kerk nie — kerk en staat is albei dienaars van die Heer — maar die staat is 'n tussentydse verskynsel met 'n swaard van God in die hand om die sonde aan bande te lê sodat die reddende woorde van God en van die kerk gehoor kan word.

Die kerk mag die staat nie daarom aan sy neus probeer lei nie. Die kerk verkondig 'n nuwe aarde en hemel wat aan die kom is, waarop die leeu en die lam saam sal wei, en die kind by die gat van 'n adder sal speel. Sekerlik ook waar barbarisme, kommunisme en kapitalistiese materialisme finaal uitgeroei sal wees, en waar Swart en Wit mekaar nie meer sal bedreig nie, maar saam in die saligheid sal deel.

Die kerk moet dié hemel op aarde verkondig, maar die kerk mag die staat nie probeer dwing om hierdie hemelryk voortydig in te stel nie. Die kerk weet buitendien nie hoe dit gedoen moet word nie.

En die kerk kan die swaard nie hanteer nie. As 'n kerk na die swaard gryp, kry hy in ieder geval nie meer reg as om die oor van 'n slaaf af te kap nie.

Die kerk moet die staat bemoedig: dat hierdie ryk sonder enige twyfel aan die kom is, en dat die staat se worstelstryd met chaos en sonde dus nie tevergeefs is nie.

Na bl. 14

**SWART OP WIT**

Enigiets sal vir publikasie in SOW oorweeg word — ook kortverhale, poësie, strokiesprente, humor ens. — mits dit religieuse diepte vertoon. SOW is 'n diensblad vir die gesin.

REDAKSIE

Manie Malan — redakteur Tel. (012) 821105

Elmer Erlank — mederedakteur

ADRESSE

Bydraes: Die Redakteur, posbus 15185, LYNN EAST 0039
Tel. (012) 821105
Administrasie: Claritas, posbus 15621, LYNN EAST 0039
Tel. (012) 821153

MEDEWERKERS

Gerhard Augustyn (Sibasa), Phil Brouwer (Sibasa), Christo Büchner (Dennilton), Johan en Elma Cilliers (Bloemfontein), Andries Combrink (Halfweghuis), Hannes Els (Nelspruit), Piet Grové (Pretoria), Nico Hanekom (Pretoria), Stephan Joubert (Benoni), Jan en Anna Kock (Waterbron), Petrus Kriel (Germiston), Dirk Laufs (Durban), Petrus Moolman (Nelspruit), Koos Mouton (Garsfontein), Fanie Schoeman (Vryheid), Kobus Smit (Bloemfontein), Nico Steenberg (Villieria), Christel Steyl (Helderkruin), Gert Strydom (Windhoek), George van der Merwe (Kameeldrif), Jannie van Rensburg (Oos Londen), Nico van Rensburg (Benoni), Sarel en Liesbet Venter (Bloemfontein), Wassie Wasserman (Wepener)

KOSTE

Intekenaars word bereken vir elke uitgawe wat hulle ontvang, en elke uitgawe se prys word bepaal volgens die aantal bladsye, en die oplaag. Vooruitbetalings sal sistematies afgewerk word.

# KRUIS EN MUNT

'n Rubriek oor alles en wat

Manie Malan

## Lag en Huil

Soms lyk ons lewens na 'n gewaggel tussen vreugde en leed, geluk en ongeluk. Ons spandeer 'n groot deel van ons lewens aan die soek na geluk, en as ons bietjie vind, vergryp ons ons daaraan, en dan is ons weer dáároor ongelukkig. Is geluk werklik die mal-gaan waarvan die jongmense praat?

Ook in die godsdiens het ons die probleem. Kan 'n mens met vreugde nagmaal hou — langs die stukke van 'n man se liggaam en sy bloed? Jou Vriend, jou Broer. Jý het Hom doodgemaak. Jóú sonde.

Moenie te gou sê 'n mens kan nie. In Sag. 12:10 sê die profeet God sê Hy sal die vyande van Jerusalem vernietig, en tog sal die mense wat gered word, rouklaag. Hulle sal bitterlik ween, soos by die dood van 'n eerste en enigste kind.

Die apostel Johannes dink aan hierdie vers as hy vertel hoe die soldate die bene van die kruiselinge breek en 'n swaard in Jesus se sy steek. Hy sê dit het gebeur sodat vervul sal word wat Sagaria gespreek het: Hulle sal sien wie hulle deurboor het.

God sal Jerusalem met sy eie kruis red. Hy sal sy slegte kinders red. Maar hulle sal bitterlik ween en rou bedryf. Hulle sal nie lighartig halleluja skree nie. Petrus sal buite toe gaan en bitterlik ween, en die Emmausgangers se trane sal in hul harte brand. Petrus sal selfs by die opgestane Heer langs die meer baie bedroefd word. Op die Pinksterfees sal die ontstelde skare vra: Wat moet ons doen, broeders, en Paulus sal sy tranebriewe skryf.

Hoe kan mens dan huil as God jou gered het?

Ek weet nie. Miskien is dit die geheim van die lewe. Die lag met trane. Miskien is dit waarom Jesus gesê het: salig is dié wat treur. Of miskien is dit omdat die littekens van ons sonde so pyn.

Die littekens in ons liggame, oor die littekens wat ons Hóm besorg het.

Kyk die littekens! Die gebreekte brood. Die vergote wyn. Dit is sy liggaam. Dit is sy bloed. En dis ek en jy wat Hom gebreek het. My en jou sonde. Hy het vir en aan ons sonde gesterf.

Maar toe het God ons met sy dood gered. Sagaria sien die skadu daarvan al in sy dertiende hoofstuk. "Daar sal 'n geopende fontein wees...teen sonde en onreinheid."

En toe het God sy Gees gestuur, en Hom 'n Trooster genoem — wat ons trane kan afvee. Wat ons kan troos, kan sê ons moenie meer huil nie.

Moet ons nou huil of moet ons nou lag?

Nee, ons moet seker lag. Maar ons moenie verspot raak nie. Veral nie godsdienstig verspot nie. Ons moet nooit vergeet wat dit gekos het om weer te lag nie.

## Gehoorsaamheid en Vryheid

Wat is gehoorsaamheid?

Sommige meen dat dit die hart van die godsdiens is. God sê en die mens moet gehoorsaam. As jy nie gehoorsaam nie, verdoem Hy jou.

Die godsdiens is dus basies baie eenvoudig. Dit bestaan uit die nougesette nakoming van opdragte; die onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan wette.

Daarom word die Bybel (die opdragte van God) noukeurig gefynkam om God se wil agter te kom, en dan word daar geprobeer om die wil te formuleer, en om daaraan gehoorsaam te wees. Allerlei kom hiervoor in aanmerking. Is jy 'n Jood, tel jy 613 wette in die Ou Testament. Is jy 'n moralistiese Christen, word die doop byvoorbeeld 'n opdrag in plaas van 'n vergunning, met nog 'n paar ander dingetjies by soos 'n hoed in die kerk, nie dans nie en so aan.

Sonde is dan iets wat jy maklik kan verstaan. Sonde is gewone ongehoorsaamheid en klaar.

Probleem met hierdie siening is net dat dit nie met die God van die Bybel reken nie. Want die God van die Bybel is 'n Vader, nie 'n Despoot nie. Hy het die mens geskape om 'n kind en 'n koning te wees. En toe die mens homself deur die sonde aan die duiwel verslaaf, het God 'n Verlosser na die wêreld gestuur om die mens te verlos, hom vry te maak van die slawerny in Egipte en van die sonde.

God maak nie slawe nie. Die duiwel maal slawe. God maak vry. Waar die Gees van die Here is, dáár is vryheid.

Wat dan van gehoorsaamheid?

Wel, wat daarvan? Gehoorsaamheid beteken om na God te luister. Om gehoor te gee aan sy woord. En

sy evangeliewoord is 'n woord wat vry maak. Wat vertel van die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het. Om gehoorsaam aan God te wees, beteken nie om Hom te eer met gebooie wat leringe van mense is nie.

Waarlik, as ons God probeer behaag met die nakoming van blinde regulasietjies, dan het Christus tevergeefs gesterwe.

# Visse en getalle

In sekere obskure boekies word koorsig gefluister en geskimp oor die getal 666. Dié getal van die antichris sou dan vandag ontstellend en brutaal na vore kom — veral in die vorm van komperstroke op artikels en so meer. Alles met 'n bose opset. Die nommer van die antichris is die sleutel van sy volgelinge om die ware Christene uit te skakel en uiteindelik te elimineer. Later sal hulle selfs nie meer kan koop en verkoop nie.

Dis louter onsin.

'n Rekenaar is een van die handigste en knapste diensknegte van die mens wat God se skeppingsorde nog moontlik gemaak en die mens nog uitgevind het. Dat ateïste en kommuniste ook daarvan gebruik kan maak, ontken ek nie, maar dis nie intrinsiek boos nie. Net so min soos 'n ID-boekie, 'n paspoort of 'n attestaat.

Tog ínteressant dat die mense wat so lustig skinder oor komperstroke en die teken van die Bees, meesal nie beswaar het om chroomvissies op hulle (duur) motors se agterente vas te plak nie. Die ichthus, die geheime teken van die eerste Christene. Soms deins hulle selfs nie terug om dit as aanbeveling by 'n advertensie aan te bring nie. Besigheid is besigheid.

Maar dit was tog nooit die bedoeling dat die ichthus 'n advertensie, 'n soort uithangbord moet wees nie. Dit was 'n geheime teken. Iets wat vandag hoogstens in die binnekamer, die binnekerk of die hart hoort. Of in die museum, of agter die ystergordyn.

As ek 'n chroomvissie agter op 'n motor sien, probeer ek om nie te oordeel nie, maar dit maak my nie bly nie. Ek wens net dat sommige Christene nie so ekshibisionisties wou wees nie. Dit lyk so genadeloos.

# Maar sonde doen?

Soms kry jy, in eindelose persoonlike onderhoude met belydeniskatkisante, die mooiste juweeltjies.

"Is jy seker van jou redding?"

"Ja Dominee."

"Hoekom is jy seker? Het ék dit vir jou gesê?"

"Nee."

"As ek dit vir jou gesê het, kon jy nog getwyfel het. Maar wie het dit gesê? Waarom sal jy nie twyfel nie?"

"Die Here, in sy Woord."

"Dis reg! Hy het gesê dat Christus vir ál jou sondes gesterf het. Glo jy dit?"

"Ja Dominee."

"Alles wat jy gedoen het — tot vandag toe?"

"Ja, en alles wat ek nog sal doen tot die einde van my lewe."

"Sal jy dan nie makliker sonde doen as jy dit glo nie? As jy so voor die sonde staan, sal jy nie dink: ek kan dit maar doen, want Jesus het al daarvoor gesterf nie?"

"Nee, Dominee, as die sonde voor my staan, sal ek probeer om dit nié te doen nie. Want ek sal dink: Dít het sy dood gekos. Daarom moet ek dit nie doen nie..."

As 'n standerd nege kind soveel insig openbaar, gee dit mens moed vir die toekoms.

# Radio en TV

Ek kyk en luister nie dikwels na godsdienstige radio en TV-programme nie. Enersyds omdat 'n predikant dan dikwels werk, maar andersyds ook omdat dit my dikwels nie veel vreugde verskaf nie. Dis so goedig. Dit mis dikwels profetiese skerpte. So 'n kameraadskaplike spanpraatjie.

Sekerlik moet dit veel wysheid van die aanbieders verg om al die gesindtes te akkommodeer. Hulle moet op 'n manier vrede hou. Maar kan ons almal nie weer 'n keer die profete lees en iets van die skerpheid daarvan in ons godsdiens terugbring en terugvind nie? Dan sal die jongmense ook geredeliker daarna luister.

Die godsdienstige programme kan by die politiek leer. Daar moet tog ook onpartydige vrede gehou word?

# Boeke vir swart skole

Swart op Wit is 'n Afrikaanse tydskrif, wat hy ook graag wil wees. Maar ons het geen obsessies daaroor nie. As iemand in die gees van die blad in Engels wil skryf, is hy welkom. Sê nou ons kan die kategismusreeks ook in Sotho publiseer, en ons lesers kan dit deurgee...

In dieselfde ontspanne (!) gees wil ons graag Afrikaans aan ons swart skole bevorder. Afrikaans word op swart skole geleer, en dan is daar nie één Afrikaanse boek in die skoolbiblioteek nie. En die swart onderwyser sit met Afrikaans 3.

As u nou die moeite wil doen asseblief, maak die Afrikaanse boeke wat u kan afstaan op, en stuur dit aan:

George Robertson
Mediese Sentrum
Kockstraat
RUSTENBURG 0300

Hy sal sorg dat dit in sy kontrei goed geplaas word. En as enige leser dieselfde in sý kontrei wil doen, stuur u naam en adres.

# Die regte toonaard

Ek het al so baie gedink en geskryf oor hoe 'n mens die Bybel moet verstaan. Dat dit nie reseppies is nie en ook nie verstandelike "waarhede" nie. Die Bybel is die waarheid, maar 'n mens kom nie kerk toe om na 'n lesing te luister, en as jy huis toe gaan, dan weet jy nou nog 'n bietjie meer nie.

Soms het ek gedink ek verstaan die Bybel reg as 'n verhaal.; wat God gedoen het, en wat Hy nog gaan doen. En dit is waar. Die Bybel is 'n verhaal, 'n boodskap van wat gebeur het.

Maar die Bybel is ook méér. Die Bybel is ook 'n lied. Soos in die Psalms, waar die Heilige Gees vir ons sing. Hy sing voor. Hy lê ons die woorde in die mond. "Die Here is jou herder, niks sal jou ontbreek nie..." As ons nie reg weet wat om te sing en te bid nie.

En die Bybel is 'n hen wat kloek vir haar kuikentjies. Dít is my nuwe ontdekking! Die hart van die Bybel is God wat kloek vir sy kinders; wat sy vlerke bak maak sodat ons onder sy vleuels kan skuil.

Onder my kamervenster het 'n hennetjie gebroei. Nou slaap sy nog daar, en vroeg in die môre, as dit nog skemer is, hoor ek haar saggies kloek. Daar is 'n ewige klank in haar stem; die geheimenis van die lewe, en die erns van die liefde. Sy sê: ek is hier, nog 'n bietjie wag, dis nog te donker, ons sal nou-nou gaan; já, ek weet julle is honger...

En skielik, een oggend, het ek wawyd wakker geweet! Jesus het ook só na 'n hennetjie geluister! En toe het Hy die hele Bybel saamgevat met hierdie woorde: God het die hele geskiedenis deur na sy kinders geroep, soos 'n hen na haar kuikentjies. Daarom kan jy God maar met hart en siel liefhê, en jou naaste vir wie God ook liefhet, soos jouself.

Dít is die sleutel om die Bybel mee te verstaan, die toonaard, die perspektief. As jy agtergrondmusiek wil speel as jy die Bybel lees, moenie Wagener speel, of Verdi se Groot Mars nie. Ook nie koue klanke uit skemer katedrale nie. Gaan sit naby 'n hennetjie wat kloek.

Dit is ook waar van die bitter en die harde woorde in die Bybel. Dat God die mense bymekaar wou maak onder sy vlerke, maar dat húlle nie wou nie. Want toe het God dit nie daarby gelaat nie. Hy het die sonde bly agtervolg totdat Hy dit op Golgota agterhaal en vernietig het.

# Karretjie-karretjie speel

Jannie van Rensburg van Oos Londen het ook op die rooi grond van Waterbron en Bainsvlei grootgeword. Ons het saam met die rooi Brilcar skool toe gery. Jare lank.

Ek ken min mense wat so beskeie soos Jannie is. Ook min wat so geesdriftig oor God se genade is. Eintlik meer oopmond van verwondering. Hy wou ook iets vir Swart op Wit stuur, maar hy sê hy kan nie eens spel nie, wat nog te sê skryf.

Hy vertel van hoe lekker ons in die plotpaaie se sand met die karretjies gespeel het. Hoe die klein karretjies gedreun het in die klein paadjies met plat handjies oopgevee.

En nes ons op ons lekkerste speel, kom Ma daar aan, en jaag ons uit die pad uit. Sê nou hier kom 'n kar aan en hy ry julle raak...!

Ons kan dit nie verstaan nie. Hiér wil ons speel. Dit kan nie anders nie. Dis lewensbelangrik. Kyk net al die paaie wat ons gemaak het.

Maar Ma weet beter.

En baie jare later is jy 'n dominee, 'n herder, wat die skape moet oppas, en troos. En hulle huil oor 'n kindjie wat siek is, of dood. Jy het nie antwoorde nie. Jy hou maar hand vas, en bid saam met hulle. Dan onthou jy die grondpad en die klein seuntjies wat gedink het só hoort dit. Hoe kan Ma so wreed wees. En jy wonder: Ma was maar 'n klein bietjie groter as ons. God is oneindig groter. As Ma ons dom lewetjies kon bederf omdat sy beter geweet het, hoeveel te meer sal Gód weet wat Hy doen. Al kan ons dit nie verstaan nie. Al wat ons weet, is dat Hy ons liefhet. Daarom kan ons dit ook bly glo.

# The Wall

Toe ek langs die man staan met die kanker wat hervat het, die mooi sagte, belese en berese man, het ek skielik aan Pink Floyd se ondeurdringbare muur gedink.

En Joh. 14 gelees, en gebid: Here, God, soms in ons lewe voel dit of ons voor 'n muur te staan kom 'n soliede muur. 'n Doodlooppad. Dankie dat u Woord sê daar ís 'n deur, 'n Weg. Dat Jesus die weg gebaan het. 'n Deur wat wyd oop staan.

# God verloor

Kan 'n mens God kwytraak van ouderdom?

Ek sit by tant Sielie, diep in die sewentig. 'n Jaar gelede het ek ook by haar gesit toe haar seun verongeluk het.

En sy vra oor die boek wat sy besig is om te lees. Die boek maak haar bietjie bang. Die boek sê as 'n mens nie die woorde, die werklike woorde van die Bybel, uit jou kop ken nie, kan jy nie met die Here praat nie.

Dis die boek van ene Torrey met een of ander verbintenis aan een of ander hospitaalbond of iets.

En, Dominee, my gedagtes raak nou so kort. Ek kan nie meer die werklike woord van die Bybel onthou nie.

Sy het dus die vooruitsig dat sy die Here toenemend kan verloor, want sy kan nie meer sy taal praat nie. Hy verstaan nie gewone Afrikaans nie. Dit moet nou die half-Hollands wees, of die Old English, met die Hebreeuse en Griekse idiome direk vertaal.

"Tannie, dis robbies. In gewone Afrikaans: dis robbies! Tannie sal nóóit Ps. 23 vergeet nie, en die hele Bybel staan in Ps. 23. En as Tannie so oud word dat Tannie Ps. 23 ook vergeet, dan sal die Heilige Gees hom nog onthou,en hom vir Tannie bid. In Tannie se plek. As die Heilige Gees sien ons weet nie wat om te bid nie, dan bid Hy in ons plek. Veral as ons gelowig huil. Dan maak Hy woorde van ons hartseer klanke."

Hoe kry ons ooit die angs uit die godsdiens uit? Kan selfs Jesus se kruisdood, sy angste van die hel ons nie oortuig nie?

En waar kom die mense aan al die obskure boeke?

Alle artikels in hierdie uitgawe waarby die outeur nie vermeld word nie, is van die redakteur — wat bydraes van ander van harte verwelkom en inwag.

# 'n Keel soos 'n graf

Toe die Trojaanse Perd geskryf is, het ek dit aan twee uitgewers voorgelê. Die eerste een se adviseurs het dit geesdriftig aanvaar, maar hy nie. Die tweede een het 'n teoloog geraadpleeg, en dié het dit afgekeur, o.m. op grond van die feit dat dit nie die realiteit weerspieël nie. Dit klop nie met wat in die gemeentes gebeur nie. Veral die sinnetjie dat ek my altyd weer verbaas oor die byna ongelooflike venyn van die sektariërs, het die anonieme geleerde in sy studeerkamer aanstoot gegee.

Verlede week, een aand, lui my telefoon, en 'n man vra of dit ek is. Ek sê dit is.

Hy sê hy is 'n wedergebore Christen, en iemand het hom vertel van 'n boek wat ek geskryf het, en hy wil net vir my sê ek moet Joh. 3:10 lees.

Ek vra: Wie praat?

Hy sê: Lees Johannes 3:10!

Toe sit ek die telefoon neer, want ek praat nie met naamloses nie, net so min as wat ek naamlose briewe lees.

Onmiddellik bel hy weer.

Maar ek skakel my antwoord-masjien aan, en met die derde oproep besef hy die masjien is doof. Toe laat hy die volgende boodskap wat ek net so van die band afgeskryf het:

"Johannes drie vers tien! Jy's bang om te praat! Johannes drie vers tien! Johannes drie vers tien!! Predikant! Gaan luister en gaan lees Johannes drie vers tien!!! Johannes drie vers tien vir jou, moet jy gaan lees!! Die Here gaan met jou werk!!! 2 Kor. 5:17, Hebr. 12:14! Jy sal voor Gód staan en verantwoording gaan doen! Gaan lees dit! En GOD sal met jou werk! Jy moet weer gebore word, of jy sal die koninkryk van God nie sien nie. Jy moet luister! God praat met jou! Is dit duidelik?!! As dit nie duidelik is nie, ek herhaal dit weer: GOD gaan met jou praat!! Johannes drie vers tien. Jy moet jou ore oopmaak en luister!!!!"

En intussen weet ek al te goed dat ek weer gebore sal moet word. Maar ek kan daar totaal niks aan doen nie. Ek kan dit net glo. Ek kan net glo dat God dit sal doen omdat Hy dit belowe het. Daar is géén brug wat ek kan oor na God toe nie, al skree die gemaskerde intimideerder my ore van my kop af. As Gód die brug nie bou nie... en Hy het.

Dit staan juis in 2 Kor. 5 waarna die oproeper verwys. Daar staan (v.17): "Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens..." Maar vers 18 sê: "Dít alles is die werk van God." Dan kan jy mos nie vir iemand daaroor skree nie? Jy moet iemand daarmee troos. Al lyk jy hoe oud in die spieël, moenie huil nie, Christus het ons nuut gemaak. 2 Kor. 4:16: "Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe." Die wedergeboorte is 'n belofte, nie 'n eksamen nie. Dis 'n belofte wat jy mag glo.

**Na bl. 17**

# KONFLIK IN DIE HUWELIK

Ek kan nie oor konflik in die huwelik skryf buite my amp om nie. Ek is nie 'n sielkundige nie. Ook nie 'n sosioloog, psigiater of huisarts nie. Ek is 'n bedienaar van die evangelie. Nie 'n teoloog nie. 'n Man wat van die veld gevang is en aan wie 'n skinkbord in die hand gestop is om die mense te bedien — met die woorde van die ewige lewe.

Nie dat ek nie 'n paar praktiese dinge oor die huwelik weet nie. Ek is immers getroud, en die hantering van konflik in die huwelik is 'n gewigtige punt op my werksagenda. Maar wat ek psigo- en sosiologies daarvan weet, is bloot 'n paar wenke, 'n paar praktiese vaardighede, 'n paar moets en moenies.

Daarom sal ek hier hoofsaaklik probeer sê wat die Here in sy Woord aan ons sê. Ek sal dit agterna probeer sê, in 'n naderby idioom.

* * *

God het die mens man en vrou geskape. God het nie die konflik geskape nie. Hy het die kameraadskap geskape, maar die verskil, wat gou tot 'n geskil sou ontwikkel, het Hy nie geskape nie. God was nie die outeur, die aanhitser van die konflik nie. God se hart was vol deernis vir die mens wat so alleen is. Daarom was sy bedoeling om 'n hulp te maak wat by hom pas; om kameraadskap te skep, en eenheid. Daarom het Hy die rib van die man geneem, vlees van sy vlees, en been van sy been. Hy wou hê dat hulle uit één mond moet praat, en één vlees moet wees. Daarom het Hy hulle hormonaal so geprogrammeer dat hulle ook altyd weer die hunkering sou hê om één vlees te word; die ekstase te beleef van die skepping, van die gees wat sweef oor die chaos, van die klein dood wat mans soos kinders laat huil oor hierdie oerervaring van die oorsprong.

**Die eerste huweliksrusie het in die paradys plaasgevind.**

God se toeleg was nié konflik nie. Dit was kameraadskap. Selfs die feit dat hierdie kameraadskap nie in eenheid nie, maar in twee-eenheid na vore sou tree, was op kameraadskap afgestem. As God net nóg 'n man gemaak het, was daar twéé eensames. Die spel van die liefde, soos 'n elektriese wisselstroom, die worsteling daarvan, die beur, totdat die aarde (vir Hemingway) beweeg, was bedoel om die mense aan mekaar te heg, en te verbind, en om te demonstreer dat die lewe sterker is, nie die dood nie.

Maar toe het die sonde daarin en daartussen gekom.

Dit is 'n groot en 'n baie tragiese geheim.

Die sonde is nie iets oorspronklik nie. Die sonde kan nie skep nie. Die sonde is 'n kanker, 'n parasiet. Hy kan nie iets nuuts maak nie. Hy kan net, soos voëlent en virusse parasities op die bestaande teer.

**'n Man en sy vrou móét saam bid al tap die sweet hulle af.**

Daarom het die sonde dít wat God so mooi gemaak het, aangewend om die mens in die ongeluk te stort. Dít, naamlik, wat God gemaak het om harmonie te skep, het die sonde aangegryp om konflik te veroorsaak. Die verskil in die liggaam en gees van die mense, het die sonde opgeblaas tot 'n geskil. So het die eerste huweliksrusie sy bestand gekry:

"Dis nie ék nie, dis die vrou! Sy het my mislei..."
"Dis nie ék nie! Hy lieg! Dis die slang..."

En die sonde het die mens in die sagste deel van sy bestaan die felste aangetas. In die mees intieme relasie van sy bestaan, sy intieme omgang, het die sonde hom gaan nestel, en die mens op sy knieë gedwing. Daar waar die mens die weerloosste is. Waar hy per definisie sag móét wees. Waar sy eenheid hartstogtelik trag om letterlik vergestalting te vind, so asof die mens natuurlik iets weet van die noodsaak van weer-geboorte — dáár het die sonde nesgeskop en alles wat mooi is, in die teendeel omgekeer. Soveel so dat sonde later sinoniem sou word met seksuele promiskuïteit, en die geslagtelike as vanself vuil. Mense sou nie meer vra as jy sê sy leef in sonde nie. Hulle sou weet. Net soos wat hulle sonder meer sou weet wat iemand met vuil grappe bedoel.

Dáár het konflik in die huwelik begin. Konflik in plaas van kameraadskap.

* * *

Al is ek nie 'n Freudiaan nie — ek weet skaars wat dit beteken — dink ek dat seksualiteit baie belangrik is. Dit is 'n termometer. Dit meet die temperatuur en die bloeddruk van die huwelik. Baie selde gaan dit met die intieme van die huwelik goed as dit elders sleg gaan (maar ook andersom). Dis die barometer wat die stand van die verhouding aandui. Behalwe natuurlik as mense dit soos diere belewe, stom en sonder ware kommunikasie, wat dit in wese is.

Maar jy kan dit ook omkeer. As liefde, liefde gebaseer op die biotiese bloedsband en -basis,

die sekseverskil, die ware grondslag van die huwelik is, kan hy ontsettend veel aan verskil verduur. Dit is asof die Bose dan aan die retireer is. As hy sy vernietigingswerk nie vanuit hierdie strategiese kragpunt kan verrig nie, word hy gedwing om terug te val op sekondêre kategorieë — finansies, gesag, lewenstyl, perfeksionistiese eksentrisiteite, die manier waarop die tandepastabuisie gedruk word, en so meer. Hy kan uit hierdie loopgrawe ook skade aanrig, maar as die liefde diep en innig is, en trou, dan bedek dit alles; dan speel die Bose meesal tweede viool.

* * *

Wat maak dat mense wat gesê het dat hulle mekaar liefhet, in konflik met mekaar raak? Wat laat liefdeskamerade baklei?

Behalwe dat ons veralgemenend kan sê dat die sonde dit doen, kan ons meer in die besonder sê dis die wanopvatting dat die huwelik 'n tweestryd is; 'n struktuur vir konflik gestruktureer. Konkurrensie is dus die grondwet, nie koöperasie nie. Die feit dat die mens van nature geneigd is om sy naaste te haat, kom dus na vore in die stryd met sy nááste, sy vrou, haar man. Dis tog die naaste mens aan jou.

Maar dis nie 'n stryd sommer vir die lekker nie. Dis 'n stryd om baasskap. Dis 'n oorlog om die heerskappy. Waarom anders veg leërs? Jy veg om te wen; om jou teenstander te vernietig. Dis 'n Wille zur Macht.

**As 'n huwelik gesonde intimiteit het, speel die Bose meesal tweede viool.**

En dis 'n baie ingewikkelde proses, en 'n gebeurtenis wat oneindig baie variasies vertoon, en baie maskers dra. Maar aan die basis daarvan lê altyd weer die onvermoë om lief te hê - 'n vermoë en disposisie wat ons almal het.

Soms kom dit fisies die oppervlakte uit as hulle mekaar in die hare vlieg en vuis slaan, en met gevriesde vleis gooi. Dan is dit 'n kwessie van survival of the fittest.

Meer dikwels is dit 'n woordestryd, 'n magstryd met woorde — geklee in die woordvorme van verwyte, skimpe, sarkasme, hoon, vloeke. Of met stilte.

Daar is so baie hartseer variasies. Die Bose is so vindingryk.

"Sy praat nie meer met my nie..."

"Hy skree my dood. Hy is so aggressief..."

"Sy praat net oor koeitjies en kalfies. Haar praat is ontvlugting. Sy is soos 'n kind wat op die grond gaan sit, met passiewe weerstand, en wen, omdat jy dan niks kan maak nie. Behalwe as jy geweld gebruik, maar ek is nie so grootgemaak nie..."

"As hy nie sy sin kry nie, vermaak hy my. Hy vertel van die ander vrouens. Hy wil my met jaloesie koop. Omkoop. Afpers. Hy sê hy het my nie meer lief nie. Of hy sê ek het hom nie meer lief nie. Hy doen dit tot hy my breek..."

Hierdie gevegte is die radikale teendeel van wat 'n huwelik moet wees. 'n Huwelik is 'n twee-eenheidsgemeenskap, maar hiérdie soort huwelike is repeterende gramskap. En dit word meesal geveg tot een van die partye strydensmoeg sy toevlug soek in die drank, of êrens in 'n hoekie woordeloos krepeer. Of in sinnelose slaap.

Want die stryd wat my vader begin het, sal woed tot ek sterf of gewin het.

* * *

Oor die oplossing van konflik in die huwelik het ek enkele uitgesproke idees. Ek verkeer nie in die waan dat dit maklike oplossings is nie.

* Die man en die vrou moet mekaar se vryheid en identiteit respekteer en liefhê.

* Hulle moet trou bly aan hulle belofte om mekaar lief te hê.

* Hulle moet saam bid — al is dit hoe swaar, en al tap die sweet hulle af.

* Hulle moet bly praat, maar op die basis van die liefde.

* Hulle moet nie vergeet dat hulle álbei sondaars is nie.

* Hulle moet nie te groot wees om sielkundige hulp in te roep as hulle probleme ondervind met konflikdialoog nie.

As jy 'n man uitkies om mee te trou, ook omdat hy vir Noord-Transvaal rugby speel, 'n reus wat vyf uit die pad kan loop, moet jy by jou soort keuse bly. Jy moet daaraan trou bly, for better or worse. Jy moenie begin huil omdat hy nie 'n fynbesnaarde kunstenaar is met romantiese vindingrykheid en aanvoeling nie. Dan moes jy daardie maer outjie gevat het.

En as jy 'n kunstenaar liefkry, vol sagte aanvoeling, wat soos 'n renperd kan bewe van opwinding, moet jy nie jou rug op hom draai as die keuse sy tol begin eis nie. Jy het gesê jy het hom lief, dan moet jy lief bly.

Of as jy 'n vegter trou, 'n soldaat — hoe kan jy hom begin haat as hy 'n wenner is? Hoe kan jy met hom veg omdat hy wen? En dan huil as jy verloor? Het jy al gesien wat die leed is van 'n eggenoot wat met 'n swakkeling getroud is?

Dit alles hang saam met die bekende feit dat huwelike nie gebou kan word op die verwagte en beoogde verandering van mense nie. Dis 'n oefening in futiliteit om te dink en te hoop jou lewensmaat sal verander soos jý hom wil hê. Goeie

**Na bl. 18**

# Te voet deur die Kategismus

# DIE GRAFSTEEN

veral vir jonger mense

Nou kom ons by die "Eerste Deel", by "hoofstuk I" van die Kategismus.

By die "Inleiding" of die "Voorwoord" het ons eers met 'n vliegtuig, 'n straler, oor die hele terrein gevlieg, en die einde gesien. En toe nog 'n keer oor die hele terrein, maar stadiger, met 'n helikopter. Ook tot by die einde — die dankbaarheid vir die verlossing.

En nou gaan ons weer terug. Heel na die begin toe. Nou gaan ons stadig loop, baie stadig, en alles mooi van naby bekyk.

Dis soos 'n wandeling deur 'n begraafplaas. Die grafsteen sê: EERSTE DEEL: DIE ELLENDE VAN DIE MENS. (Later kom dan die kraaminrigting, en die nuwe lewe — moet dit nie vergeet nie.)

En die katkiseermeester vra: Waaruit ken jy jou ellende? Hoe weet jy dat jy sleg is? Jy het gesê die eerste ding wat jy weet, is dat jy sleg is. Hoe weet jy dit.

En dan antwoord hy — hy lê ons die antwoord in die mond: "Uit die wet van God", en hy staaf dit met Romeine 3:20: "Uit die wet is die kennis van die sonde." Nuwe vertaling: "Deur die wet leer 'n mens wat sonde is."

Nou moet jy nie vlak hieroor dink nie. Dit is nie so dat die Here ons sy wet, sy huisreëls gegee het net om ons te laat sleg voel nie. God is nie 'n sadis nie. God het die Tien Woorde van sy Verbond met sy eie vinger in klip geskryf omdat Hy ons liefhet. Dit was woorde tot ons beswil. Dit was deel, die vernaamste deel, van sy Trap der Jeugd aan sy volk wat in Egipte ongeletterde vuil slawe geword het. Hy wou hulle daarmee leer, en ophef. 'n Mens eet nie sommer enigiets nie. 'n Mens slaan nie mekaar dood nie. 'n Mens vat nie sommer 'n ander man se vrou af nie.

Maar toe het die duiwel van hierdie medisyne van God gif gemaak. Hy het dit gebruik om die mens by God mee aan te kla; om sy onmag te bewys. Maar ook op 'n ander manier. Hy het die mens trots gemaak op die nakoming van die wet. Met ander woorde: hy het die mens wys gemaak dat as hy die wet nakom, dat hy dan nie meer van ge-

Om dít duidelik te maak, het Jesus vertel van die tollenaar en die fariseër wat in die tempel gaan bid het. Die fariseër dank die Here dat hy die wet so getrou kan nakom, en die tollenaar noem homself 'n ellendige sondaar in die lig van dieselfde wet. En Jesus sê die tollenaar is meer eg as die fariseër. Hy het die waarheid beter beet as die wetsgetroue en voorbeeldige fariseër wat homself wil regverdig.

Dít is die agtergrond van Paulus en die Kategismus se woorde.

Die wet? Nee, daarmee kan 'n mens nie salig word nie. Al wat jy, jammer om te sê, met die wet regkry is om uit te vind hoe groot jou sonde en ellende is.

* * *

Te voet deur die Kategismus raak ons egter nie haastig nie. Ons vernoed waarheen dit gaan. Ons onthou dat Paulus die wet 'n "tugmeester" 'n "paidagougos", 'n pedagoog na Christus noem, maar ons haas langsaam.

Vraag 4 vra: Wat vra die wet van God van ons?

En hy antwoord met Matt. 22.

Hy kon ook met Eks. 20 of met Deut. 5 geantwoord het, maar dié bêre hy vir later. Vir die einde. As ons moet antwoord op die vraag hoe ons vir die Here kan dankie sê vir die redding.

Hy antwoord met Matt. 22 wat ons in idiomatiese Afrikaans só kan weergee: "Jy moet die Here, wat jóú God wil wees, met hart en siel liefhê, en jou naaste soos jouself." Jy kan dit maklik onthou met 'n winkelhakie, 'n elmbogie. Die eerste antwoord wys boontoe, en die tweede een dwars. Maar die twee armpies is aan mekaar vas. Jakobus sê: Iemand wat sy naaste haat wat hy kan sien, lieg as hy sê hy het God lief — wat hy nie kan sien nie. Dis makliker om jou naaste lief te hê as vir God.

Wat ons by die vyfde vraag bring: Kan jy die wet van die Here nakom?

Nee, natuurlik kan ek nie. Ek kan dan nie eers aldag my naaste, my nabyste, wat ek kan sien, liefhê nie, wat nog te sê vir God wat ek nie kan sien nie. Om die ware te sê, ek is van nature geneigd om God en my naaste te haat. Ons maak selfs spreekwoorde van hierdie waarheid. Familiarity breeds contempt. As jy die pap te dik aanmaak, val die koek in die as. As ons naaste naby aan ons kom, ruik ons sy asem, en ons walg daarvan.

En gee ons net genoeg kans, dan slaan ons hom dood.

Is dit darem nie te kras nie? Is dit werklik waar?

Wel, elke mens het sy prys en sy lemiet, sê die mense. As 'n mens 'n week nie geëet het nie, sal einigiemand steel. As hy 'n maand nie geëet het nie, sal hy doodmaak vir kos. Dis waar oorloë vandaan kom. Plaas net genoeg druk op 'n mens, en sy wolwetande kom uit. Dracula.

Na bl. 17

* * *

# ETIEK VAN LEWE EN DOOD

**'n Geskrif veral vir mense wat in hospitale werk of daar moet gaan lê.**

Die meeste mense dink aan die dood as die ondergaan van die lewe. As nederlaag. As die einde van 'n so lank moontlike lewe.

Daarin is ons swak Christene, swak navolgers van Christus, want Jesus Christus se dood was die hoogtepunt van sy lewe. As Jesus nie gesterf het nie, was daar géén evangelie om te verkondig nie.

Nie dat ek daarmee die lewe wil minag of 'n pleidooi vir die dood wil lewer nie. Vir die gelowige is die lewe, op 'n vreemde manier, sterker as die dood. Ek wil net uitwys dat 'n mens ook anders oor die dood kan dink as om dit nederlaag en ondergang te noem.

Jy kan ook hospitale en klinieke anders bou. Jy kan oor die medikus, die geneesheer, anders dink. Jy hoef nie oor hom te dink as 'n mens wat dag in en dag uit in 'n stryd met die dood gewikkel is nie. 'n Stryd wat uiteindelik verloor móét word nie. Jy hoef nie die sin van sy lewe te soek in die verlenging van (dikwels nuttelose) lewens nie. Jy kan ook gelowig oor hom dink.

* * *

Wat beteken dit om gelowig oor iets te dink?

Dit beteken om te glo terwyl jy dink, en om jou dink deur jou glo te laat lei.

Om wat te glo?

Om te glo dat daar 'n nuwe aarde en 'n nuwe hemel kom.

Waarom glo jy dit?

Omdat God so gesê het.

Glo is tog om iets te glo wat iemand gesê het. Glo is nie net 'n vrome gesindheid nie. Glo is om 'n belofte te glo. Iemand belowe om iets te doen, en jy glo dit. Jy het dit nog nie gesien nie, maar jy glo die woorde van die Een wat dit belowe het. En dan lewe jy in die hoop en die verwagting dat dit ook sal gebeur.

En terwyl jy wag, dink jy oor alles anders. Anders as mense wat nie die glinstering van hoop in hul oë het nie. Jy dink in die lig van die belofte, die beloofde, wat soos die son aan die kom is. Dit kleur al die dinge wat rondom jou staan, soos die nuwe dag wat breek. Jy dink en leef met jou oë op die horison.

Veral as jy 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel verwag, dink en kyk jy só. Want dan glo jy net nie meer aan 'n stilstaande wêreld nie. Alles rondom jou staan nie meer op die plek rus deur die eeue gesus nie. Alles rondom jou hou asem op. Dis of alles in die voorlaaste oomblikke staan. Die strate, die huise, fabrieke, bome, mense, en ook hospitale.

* * *

Hierdie geloof wat sy oë op die wolke en op die horison hou, maak 'n etiek moontlik wat ook anders is as die gangbare etiek.

Van alle soorte etieke is mediese etiek seker die bekendste. Elke mens wat maar 'n bietjie lees, selfs net die koerante, weet van etiese probleme in die mediese wêreld, soos oor genadedood, orgaanoorplantings, geslagsverandering, kunsmatige inseminasie en proefbuisbabas.

Oor hierdie dinge sou ek 'n paar opmerkinkies kon maak, maar dit is nie my vakgebied nie.

Daarom sal ek liewer 'n paar dinge probeer sê oor Christelike etiek. Gelowige etiek. Die etiek van die mense wat wag op die nuwe wêreld. Dalk is dit moontlik vir mense om self daarvan 'n paar afleidings te maak vir die wêreld van die verpleër, die geneesheer en hul hospitaal. En om 'n bietjie nuwe moed te skep.

**God se etiek maak ons etiek moontlik omdat dit ons suurstof gee om in asem te haal, en vryheid om in te lag.**

Die etiek, die gedragsleer van die Christelike wêreld, is nie slegs deur die Bybel beïnvloed en gemaak nie. Om die waarheid te sê, daar is 'n sterk saak voor uit te maak dat ons manier van lewe, en ons manier van dink vir die grootste deel deur die tweederangse filosofie van Cicero beïnvloed en gemaak is. Cicero, die Romeinse mondstuk van die Stoïsynse filosofie en lewenshouding. Dit was moontlik omdat die Christene en die Stoa baie in gemeen het. Beide lê op die innerlike gesindheid die nadruk, beide glo aan die goddelike voorsienigheid. Ook die Stoa roem daarop dat die dood nie meer 'n angel het nie; maak 'n einde aan slawerny, ag die gesin baie hoog, en staan, as dit moet, sy man teen die wêreldse magte. En dit het 'n diepgaande respek vir die lewe.

Maar die Stoïsynse etiek is gebou op die mens. Op algemene menslikheid. " 'n Mens maak sús, 'n mens maak só..." , lui die ABC van hierdie gedragskode.

'n Mens is geduldig. 'n Mens is fatsoenlik. Jy tree opgevoed en beheersd op. Jy lê selfbeheersing aan die dag. Die Stoïsynse etiek is gemaak vir álle mense van álle tye, en alle omstandighede. Die mantel van die Stoïsyn is grou, dis 'n alledaagse kleed, 'n uniform, 'n algemene werkspakkie, 'n overall vir die menslike natuur.

Maar die gewaad van die Christen lyk nie so nie. Die mantel van die Christen is wit. Hy is in bloed gewas. Dis 'n feeskleed, vir bruilofskinders, vir 'n bruilof wat enige oomblik nou kan begin. Dis dus gemaak vir 'n spesiale geleentheid, nie vir miljoene grys eeue nie.

**Iemand wat die Bergrede meer nougeset as Christus probeer uitleef, mag die figuur van 'n verspotte Don Quijote slaan.**

En die etiek van die Christene is nie op die mense nie, maar op God gebou. Dis nie daarop bereken om 'n lewe tussen 26 miljoen mense so lank moontlik leefbaar te maak nie, maar om met één God te reken. Dit is nie uit die aarde aards nie. Dit kom uit die hemel. Dis aan ons voorgesê, en voorgesing met psalms in die mond van die Heilige Gees. Dis God se etiek. Die ABC, die Trap der Jeugd, daarvan begin nie met " 'n mens maak so" nie, maar met...

Wag, wag, daarby kom ek later.

* * *

Waar kom ons aan hierdie goddelike etiek?

Dit staan op baie plekke in die Bybel, maar seker nêrens so gekonsentreerd soos in die Bergrede van Matt. 5,6 en 7 nie.

Julle moet julle vyande liefhê. Bid vir dié wat julle vervolg. Moenie oordeel nie. Loop 'n ekstra myl saam. Moenie as iemand wil leen, dit weier nie. Draai die ander wang. Salig is die armes van gees, dié wat nou treur, dié wat vervolg word. As jou hand of jou oog jou laat struikel, kap dit af en ruk dit uit. Moenie net nie doodslaan nie, maar moet iemand selfs nie 'n dwaas noem nie – dit is moord. En, as iemand 'n vrou in sy hart begeer, het hy klaar met haar owerspel gepleeg.

Nou is die wonderlike van hierdie etiek, hierdie sogenaamde grondwet van die Christendom, dat ongeveer niemand dit toepas nie. Dit word ook nie ernstig van iemand verwag nie, behalwe miskien van sendelinge, en van dié het ek ook nog nooit één gesien wat sy hand afkap of sy oog uitpluk nie. En dié mense wat dit in alle erns probeer toepas het, word ook nie in alle Christelike kringe baie hoog geëer nie. Neem nou die heilige Fransiskus van Assisi. Van hom word gesê dat hy die bergrede meer nougeset toegepas het as Christus self, en dat hy daarmee weinig meer reggekry het as om die figuur van 'n Christelike Don Quijote te slaan. 'n Eksentrieke figuur wat verspotte dinge doen, wat kant nog wal raak.

* * *

Wat moet ons dan met die bergrede maak as ons dit nie moet, of liewer nie kán toepas nie?

Ons moet dit glo.

Die bergrede is nie geskryf vir alle tye nie. Die Christendom glo nie aan alle tye nie. Die bergrede is geskryf en gepreek in die drukgang van die koninkryk wat onstuitbaar aan die kom is. Daarom in die skadu van die kruis. Die bergrede is kruiswoorde.

Die bergrede is interim-etiek. Dis geskryf vir mense in die loopgraaf wat nie daar gaan bly nie. Vir mense wat besig is om hul Heer se huis in orde te bring, omdat Hy aan die terugkom is.

Christelike etiek is daarom wederkoms etiek. Dis gelowige etiek. Dit glo nie aan die wêreld waarin die mense hulle bevind nie. Dit glo aan 'n nuwe wêrld wat aan die kom is, en waarop dit wag. Dit is 'n soort kort-asem-etiek, 'n doen met die oë op die wolke en terwyl daar in die geheim gebid word (soms selfs sonder hande gevou) omdat die Vader wat nou verborge is, binnekort openbaar te voorskyn sal kom.

Is dit dan nie onsinnig dat 'n gedragswyse aan ons voorgeskrywe word wat ons ten ene male nie kan uitvoer nie? 'n Manier van doen wat 'n gek van jou maak as jy dit letterlik opvat?

Nee, dit is nie onsinnig nie. Want dit is, streng gesproke, nie aan ons voorgeskrywe nie.

Die etiek van die bergrede is nie die etiek van die mense nie, maar van God. Daarom het ek gesê dis goddelike etiek, en dat ons dit moet glo.

Hierdie goddelike etiek hang soos die koepel van die hemel oor ons.

God is die een wat die ander wang draai, wat sy vyande liefhet, die ekstra myl saamloop, al sy klere aan die vloekende soldate rondom die kruis afstaan, seën as Hy gevloek word, vir sy moordenaars bid, oor onregverdiges laat reën en sy son laat skyn. God is die een wat nie oordeel nie. As God sou oordeel, sal ons nie één oomblik kan bestaan nie. Ons sou vergaan in vuur en swael, soos Sodom en Gomorra.

**Groot stukke van ons etiek wat vir Christelik deurgaan, is eintlik afkomstig van Cicero, en is nie op God nie maar op die mens gerig.**

**Na bl. 15**

# IN VLEES EN BLOED

Joh. 1:14: "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon."

Joh. 1:14 is een van die wonderlikste tekste in die hele Bybel. Dit is 'n pilaar, 'n naaf wat om die as wentel. "Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon." Dít is waarna die Ou Testament bly roep het, en wat selfs sy verwagting te bowe gegaan het. Dit is die hele Kersverhaal. Maar ook die hele lydensverhaal, end-uit; en op 'n sekere manier ook Pinkster - want toe het God ín ons kom woon - en dit mond uit in die nuwe Jerusalem waar God in sy tabernakel sy tent, altyd by ons sal bly.

Ek sê dit is lyding en vernedering as die Woord vlees word. Dit is die toonbeeld en die toonstuk van die nederige God. ("God is al nederig, maar ons moet dit nog leer. Hiér begin die oefenskool van die genade" - Augustinus.) Die woord wat vir "woon" gebruik word, beteken "tent opslaan." God het by ons kom tent opslaan, in die krip en krot van ons bestaan. God het die mense met hulle vuil harte uit die paradys gedryf en toe al die eeue se genade en probeer die mense nie sover kon kry om weer skoon terug te gaan, by die vlammende swaard verby na God toe nie, het God sy tentjie geneem en na die mense toe gegaan. Dít is die wonder van die vleeswording.

"Ons besef nie wat dit God aan moeite kos nie... Reg en wet is vir Hom nie die laaste woord nie... Maar weet ons wat dit Hom kos om sy dieper reg te handhaaf in die misdaad wat steeds sneeubal, en dan steeds oorvloediger genade te gee? Het ons enige besef van wat dit beteken om God te wees van 'n wêreld waarin daagliks soveel bose dinge bykom? Kan ons ons indink hoe groot sy trou en liefde moet wees as Hy van die eerste tot die laaste Adam volhou?" (Noordmans, Verzamelde Werken, 8, 393)

God se vernedering sit nie net in die tent nie. Dit sit ook in die woord "vlees" — "sarks". Die woord beteken weliswaar ook "mens" — soos in die Hebreeus "alle vlees is gras", d.i. verganklik — maar in die Griekse wêreld was sarks nie 'n neutrale woord nie; nie sommer net "mens" nie. Dit was 'n woord wat swakheid aandui, en minderwaardigheid. Sarks was deel van die materie, die onvolmaakte, waarin die "siel", die "idea", die "morfè" gevange sit. Vir die Griekse wysbegeerte was God suiwer vorm, materielose idee. Daarom was die blote gedagte dat God sárks kon word vir die destydse geleerde ondenkbaar en vulgêr.

Maar Johannes sê pront: "Kai ho Logos sarks egeneto." Die Woord het vlees geword, 'n swakke mens. So ontplof die evangelie in die gesig van die Grieks-Romeinse wêreld. En bring dit diepe troos want dit dra die herskepping tot in die diepste vesels van die skepping. Tot in sy materiële boustene.

Hy het in die gestalte van 'n dienskneg na ons toe gekom. Maar as Johannes nóú daaraan terugdink, dan vlam die heerlikheid van Jesus deur sy verslete klere en sy vuil stowwerige voete word soos blink koper wat gloei in 'n oond. Dit vlam van genade en waarheid.

Die genade sit juis in die vernedering, in die kniel in die modder, in die struikel onder die kruis, in die bloei onder die géselslae. Johannes sê: Ons het Hom gesien, met ons eie oë. Ons het met ons hande aan Hom geraak (1Joh.1), en tog het ons Hom tóé nie geëien nie. Maar nou, as ons terugdink, weet ons hoe brandend ons harte in ons was. Die wonder van die man wat God was, maar onder die mense soos een wat dien, die Slaaf, maar sonder die slawementaliteit, want Hy het reguit woorde gepraat. Geen ja baas-woorde nie. Koningswoorde. Woorde so skerp soos 'n tweesnydende swaard — vol genade, maar ook vol waarheid.

**As die Woord vlees word, ontplof die Evangelie in die gesig van die geleerde wêreld.**

Nou dit is van hiérdie Man wat die Doper getuig het toe hy gesê het: Hy wat ná my kom, is vóór my want Hy was voor my reeds daar.

En dan gaan Johannes, die dissipel en apostel weer voort. Hy sê: "Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang." As u nie probeer begrip en aanvoeling kry vir die spanning in hierdie — en al die — woorde van die Bybel nie, sal u so baie dinge nooit verstaan nie. Kyk weer mooi: Uit sy oorvloed het ons ontvang...dis nou uit die oorvloed van die Man wat nie eens 'n kopkussing besit nie, wat nie geld het om sy belasting mee te betaal nie, wat vyf brode en twee vissies het om 'n skare mee te onthaal, wat nie 'n vader het nie, want volgens die mense is Hy uit ontug gebore. Die kerkmuis wat op die Sabbat eet van die are wat in die loop gepluk word. Maar in werklikheid het Hy oorvloed gehad. Nou besef ons dit eers mooi reg. Hy het alles besit. Hy was nie 'n handige towenaar wat bloed (en brood) uit 'n klip kon tap nie. Hy was die Landheer, die Besitter. Hy was die Een wat meer as twaalf legioene van engele sou kon opkommandeer om sy besitreg te bewys; maar wat dit nie gedoen het nie omdat Hy eers aan óns armoede en swere en sonde moes en wou beswyk om ons daarvan te bevry. Want die straf wat vir ons die vrede bewerkstellig, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Ons moet onthou dat Johannes nie besig is om lopende kommentaar te lewer op wat besig is om te gebeur nie. Johannes skryf sestig jaar later. Hy skryf in die ryp perspektief wat die ouderdom bring. As ons dus onmiddellik na Joh. 1:14 lees dat húlle, veral sy dissipels, Jesus, die Woord, se "heerlikheid" gesien het, die "heerlikheid wat Hy, as die enigste Seun van die Vader het", dan moet ons nie dink dis in stryd met sy vernederende vleeswording nie. Ook nie dat ons uitleg van die vernedering van vlees en bloed wat in die tent kom woon , verkeerd is nie. Jesus het geen gestalte of heerlikheid, geen skoonheid of prag gehad dat sy dissipels Hom sou begeer nie.

En dan verwys Johannes na die wet van Moses. En om een of ander vreemde rede lees mense 'n teenstelling tussen wet en evangelie in vers 16 in. Daar staan tog nie dat God die wet deur Moses gegee het, máár die genade deur Christus nie. Daar staan, in die Grieks, "en". Jesus het (die profesie van) Moses vervul. Vervulling is die bestemming van Moses en die profete. Meer as Moses was nou hier.

As ons Jesus en Moses teen mekaar afspeel, doen ons wat die Jode gedoen het totdat hulle Jesus aan die kruis opgehang het omdat Hy Hom gunstig met Moses durf vergelyk het. Moses het God se genadewoorde wat Hy met sy eie vinger (twee keer) in die klip geskryf het, aan Israel gegee, en hierdie verbondswoorde was evangelie. Maar Jesus is dit in oortreffende trap. In Hom het God se verbondswoorde vlees en bloed geword. God het die kliptafels vervang met sy wet wat op die hart geskrywe is. In Jesus het God sy hart uitgepraat. Van Moses na Jesus loop die liefdeslyn dus al nader en nader. Naderby God by my, steeds naderby.

Want Jesus was waarlik die liefdeshart van God wat Hy uitgeskeur en aan ons gegee het; sy enigste Seun wat teen sy "kolpos", sy boesem, na aan sy hart, gelê het. Wie sou beter die bedoeling van God met ons kon uitlê as hierdie Jesus wat so na aan God was dat Hy self God was? Niemand het of kon God ooit sien nie, maar in Jesus het wat vir die mense onmoontlik was, by God moontlik geword. Want wie die Seun gesien het, het die Vader gesien.

Sou die gryse Johannes gedink het daaraan hoe hy teen Jesus se bors gelê het, toe hy die woorde van vers 18 geskryf het?

# SKEPPING, GEES EN VLEES

Eintlik weet ons niks van die skepping af nie. En tog sal ons selfs pinkster nie verstaan as ons die skepping nie verstaan nie.

Ons weet niks van die skepping af nie, omdat die gordyn van die sondeval tussen ons en die skepping hang. Al wat ons van die skepping weet, van God se maak van alles, is wat die Bybel ons daarvan sê. En die Bybel sê dit nie wetenskaplik nie; hy sê dit in 'n verhaal wat kinders kan verstaan.

Ons kan die skepping nie met ons oë sien nie. Die skepping is nie wat ons die natuur noem nie. Want die sonde het oor die skepping gespoel - tot in die laaste sel en atoom daarvan. Ons noem die natuur die skepping, maar dit is nie heeltemal waar nie. So ver as die oog kan sien, is die sonde. Alles is deurweek van sterflikheid. Want die skepping het in die sonde geval.

Maar ons sou die sonde nie gesien het, as die Woord ons nie van die skepping vertel het nie. Ons sou gedink het dit hoort maar so. Al die dood en veroudering; en dat net die wreedaardigste oorleef. Ons sou gedink het die natuur is die skepping, en dan met vergrootglase na sonde gesoek het. Maar nou weet ons dat alles wat ons sien, in die sonde is. Ons is in sonde ontvang en gebore tot oor ons ore toe.

Ons kan die herskepping ook nie met ons oë sien nie. Ons kan dit net met die geloof sien. Met die oë van die geloof. Die oë waarmee die Bybel sê ons selfs Gód kan sien.

* * *

Hoe het dit dan alles gebeur?

In die begin het God die hemel en die aarde geskape. En die tweede versie van die Bybel sê die Gees van God het kreatief oor die watermassa daarvan gesweef. En alles wat God toe met sy magswoorde gemaak het, was báie goed.

Maar van alles was die mens die beste. Die mens was die kroon van die skepping. Met die mens het God ook die meeste moeite gedoen. Al die ander skepsels het God met magswoorde geskep, maar die mens het Hy met sy hande gemaak. As grondstof het Hy die aarde, die adama, geneem, en dit gebrei en geboetseer - na sy beeld. Dít was die adel van die mens — dat hy soos God gelyk het. Hy was 'n kind van God wat op sy Vader lyk.

En toe het God die asem van die lewe by sy neus ingeblaas. God het hom gees gegee. Lewensgees. En toe het die mens gelewe! Dít was die kroon van die skepping — dié lewende mens; die mens met 'n gees, 'n asem wat méér is as die asem van die diere; 'n dinamiek, 'n vrye denkende mens, wat lag en verstaan, en die skepping uit God se hande in besit neem, en aan sy diere name gee — wat sy eiendomsreg bewys; die lewende, die geestelike mens.

Hy was nie 'n standbeeld van God nie. Hy was nie net vlees, net boustof nie, hy was begeesterde vlees. Sy vlees, sy liggaam, die substrukture van sy bestaan, was nie 'n kerker, waarin sy siel gevange gesit het nie. Dít het die Griekse heidendom wel gesê — die wysheid wat alles wat stoflik was, verag het — omdat hulle nie van die skepping geweet het nie. Nee, die mens was nie 'n tragiese half-god, gekluister aan die bande van sy stoflikheid nie. Die mens was die kroon van die skepping. Hy was baie goed, en baie mooi. 'n Begeesterde mens; 'n mens waarvan jy selfs sou kon sê dat hy 'n heilige gees in hom gehad het.

* * *

Maar toe het hierdie mooi mens van God sleg geword. Op 'n onverklaarbare manier het dié mens

sleg geword, dié vrye mens. Hy het sy vryheid gebruik om hoogverraad mee te pleeg. Hy het sy ore uitgeleen aan die Bose, en so gemene saak met die duiwel, die vyand van God gemaak. Hy het nie na God bly luister nie. Hy het na die Bose geluister, en aan die Bose gehoor-saam, luister-saam geword.

Maar — en dít is dalk die geheim van die kerk en van die eeue — jy kan alleen uit en in hierdie Gees lewe as jy Hom glo. As jy Hom nie glo nie, bedroef jy Hom. Want dan maak jy God tot leuenaar. Jy kan die Gees wat God aan jou geskenk het, alleen deur die geloof ontvang, en beleef. God het Hom vir jóú belowe. Glo dan God se belofte. God sê: Jy het my Gees. Die Heilige Gees sê, met sy Woord: Ek ís in jou hart.

As jy dit glo, sal jy sien, alles word anders. Jy sal nuwe hoop in jou hart hê. Jy sal vergesigte sien en profeteer van 'n nuwe toekoms wat nie swart en troosteloos is nie, 'n toekoms waarin Gód regeer.

Dáárom het die mens sy heilige gees verloor; sy heiligheid van gees. Dit wat die mooiste in die mens was, sy vrye gees, sy oorspronklikheid, sy vermoë om lief te hê — dit het hy verloor. Hy het wel nie die lewe verloor wat God gegee het nie, maar die asem van die lewe wat God gegee het, het onwelriekend geword, soos die ontbinding van die dood, en sy keel het 'n oop graf geword. In plaas van 'n heilige gees, het die mens nou 'n onheilige gees gehad, 'n fontein van alles wat sleg is, 'n fabriek wat net afgode kan maak, sê Calvyn.

Die mens het daar natuurlik anders oor gedink. Hy het die sonde vir vryheid aangesien. Hy het so vol van homself en sy eie bose gees geword dat Jesus dit met 'n spreekwoord moes weerlê: Salig is dié wat árm van gees is, moes Hy kom sê. En Hy moes dit kom demonstreer met hoere en tollenaars wat weet hoe groot hulle sonde en ellende is.

Dáárom was pinkster ook nodig; die fees van die Gees. Die mens het 'n nuwe gees nodig gehad. Die mens was so sleg dat jy later kon sê dat hy géén gees meer had nie; dat hy net vlees geword het, 'n vleeslike mens, brutale, dom wellustige vlees. Hy het soos 'n monster geword wat verstandeloos maak en breek, omdat hy sy koers en sy program verloor het.

Ja, die mens het al slegter geword. Die eerste mense het, ná hulle misdaad, vir die soekende God weggekruip, maar die laaste mense het, toe God na hulle kom soek, Hom bestorm, en Hom in die gesig gespuug, en Hom doodgemaak. Daar was aan hulle géén salf te smeer nie. Al wat oorgebly het, was om hulle óór te maak; om hulle wéér gebore te laat word. Om hulle ou harte te verwyder, en vir hulle nuwe harte te gee.

* * *

En 'n nuwe gees in hulle binneste, 'n heilige gees.

Toe hét God dit gedoen.

**Vervulling met die Heilige Gees is nie 'n nadraai van die kruis waarmee gereformeerde Christene verleë moet sit nie.**

Hy het hulle nie gelaat in die ongeluk waarin hulle hulself gestort het nie. Eers het Hy self hulle skuld op Golgota betaal — dáár het hul wéérgeboorte begin — en toe het Hy sy Gees uitgestort op alle vlees, sodat hulle weer nuwe visioene en vergesigte kan sien.

Dit was die klimaks van God se reddingsdaad. Dit was nie 'n nadraai waarmee gereformeerde Christene verleë moet sit nie. Hy het sy hart uitgestort, Homself. Want die Heilige Gees is God self. Hy het sy mense liefgehad soos Homself. Hartstogtelik. In 'n stortvloed van vurige liefde. En eens en vir altyd. Net soos die betaling op Golgota.

Ja, broertjie en sustertjie, ek en jy het dieselfde gees, die Heilige Gees, die Gees van God, die nuwe gees. Gód sê so. ●

## GESAMENTLIKE AANBIDDING

van bl. 2

Hy moet ook aan die deur van die staat bly klop om te verneem of die staat nie al in staat is om méér tekens van die komende Godsryk op te rig nie; meer vryheid en bewegingsruimte en egte seggenskap. Maar hy mag die staat nie ontwrig en dan dalk skuldig staan aan die bloed van die lam as die leeu en die skare hom of haar opvreet nie. Hy moet bly getuig, bly vra wanneer dit dan kan, maar hy moet ook luister.

Die kerk verkondig dus, en getuig en pleit by die staat om die samelewing te orden na die model van die Godsryk. En die staat doen wat hy kan. Maar hy mag chaos nie laat oorneem nie, en ook nie 'n totalitêre toestand waarin die Woord nie meer gehoor kan word nie.

* * *

Die kerk is nie die staat se gewete — asof die kerk onfeilbaar is en die staat feilbaar nie. Die kerk is 'n getuie, in sak en as, en menslikerwys gesproke net so feilbaar.

Miskien, wie weet, as die kerk meer só, so Bybels, lyk, sal die staat ernstiger luister. En as die kerk nie arrogante rewolusie preek waar 'n rooi vlag wapper of ewe arrogante verset in die skadu van 'n bewimpelde hakekruis nie. ●

## ETIEK VAN LEWE EN DOOD

van bl. 11

Alleen as ons die bergrede, die hart van die Christelike etiek, opvat as die etiek van God, maak dit sin dat die armes van gees salig is. Hulle is nie salig omdat hulle arm van gees is nie, maar desondanks. Omdat Gód hulle salig spreek. Hy spreek hulle vry. En Hý troos die wat treur. Hulle sál vertroos word, sê Hy. En dié wat laaste was, sal eerste wees.

Dis tog baie duidelik: Gód is aan die woord. God belowe. Hy troos en belowe.

En wat kan ons, mensies, anders met die beloftes van God maak as om dit te glo?

* * *

Het Jesus se bergrede, sy preek op die berg, dan geen invloed op ons handelswyse nie? Is dit in die Bybel opgeskrywe vir Gód om te lees? Waarom staan dit dan, selfs in Afrikaans, in die Bybel?

**Terwyl jy wag, dink jy oor alles anders as mense wat nie die glinstering van hoop in hul oë het nie.**

Ja, dit het 'n invloed op ons handelswyse. Maar heeltemal anders as wat ons meesal dink. Dit maak ons etiek moontlik omdat dit ons oë en hart oopmaak; nie omdat dit van die Bybel 'n handige naslaanboekie maak nie.

God se etiek maak ons etiek moontlik omdat dit soos die hemel oor ons hang. Dit gee ons suurstof om in asem te haal. Dit gee ons vryheid om in te lag.

Want óns was die vyande wat God gehaat het. Vir mý het Hy die ander wang gedraai. Ek is die een wat Hy nie geoordeel het nie.

Wat Hy eintlik gedoen het, is om Jesus in my plek te veroordeel, en my vry te spreek.

En dit maak alles so anders. My etiek is nou 'n etiek nie met die oog op die hemel nie, maar met die oë op die hemel en op die gesigseinder. My etiek is genade-etiek. Verwonderingsetiek. My dade is dinge wat nie meer so baie saak maak nie. Dis dankie-sê dade, nie verdien-dade nie. Dis sonder kramp. Dis 'n manier van lewe wat niks dink van wat jy doen nie. Só, dat as jy in die hemel kom, jy selfs van dié dade vergeet het, en dink God sien jou aan vir iemand anders. Selfs jou linkerhand het vergeet wat jou regterhand gedoen het. Maar nie op 'n skelm, skynheilige manier nie.

Dit is 'n etiek wat alles so anders maak. 'n Etiek van hoop. 'n Etiek waarin die dood selfs 'n hoogtepunt kan wees, nie 'n nederlaag nie.

Want dit is gelowige etiek. 'n Etiek wat nie gebou is op die heidense sogenaamde respek vir die lewe nie, dít is vitalisme, maar op die verwagting van die wedergeboorte van alle dinge.

En in hierdie verwagting en afwagting, word solank modelletjies gebou van die koninkryk wat kom. Soos seuns wat nie kan wag om eendag vlieënier te word nie, nou al modelvliegtuigies bou, en dogtertjies huis-huis en pop speel. Dikwels byna nuttelose skaalmodelletjies. Soos skole vir verstandelike vertraagdes. En ouetehuise. En plekke waar mense kan sterf. Nuttelose plekke met géén produktiwiteit nie.

Maar ook hospitale . Operasiesale vir die Groot Geneesheer. Simbole van hoop, al sterf daar daagliks honderde, en duisende in die hele wêreld.

Hospitale is nie arenas waar dokters en verpleegsters om lewe en dood met die dood veg, en uiteindelik tog maar verloor nie. Hospitale is wagkamers op die ewigheid. Simbole van die verwagting van mense wat 'n venster op die ewgheid oop het. Spreekkamers en hospitale is vir gelowiges nie voorportale van kerkhowe nie. Dit is die ruimte waar God opereer — nuwe harte oorplant, en bose oë en hande verwyder.

Hoe sal ek dit sê dat jy dit nóóit weer sal vergeet nie? Eintlik is alle hospitale kraaminrigtings en alle dokters ginekoloë. Dit is plekke waar mense wat die koninkryk van God verwag, in barensnood is, en verlos en getroos word.

Maar, dáárvoor moet ek jou waarsku, net geloof kan dit só sien. As jy die helder bril van geloof afhaal, sal jy jou blind staar op al die ellende daar. ●

**(Die kundige leser sal die hand van die begaafde Noordmans in baie sinne en woorde sien, maar die verantwoordelikheid vir die eindresultaat is dié van die outeur — MM)**

**Ons tydskrif het opsigtelik vooruitgegaan, en hy trek sy asem diep in vir die toekoms. Intekenaars kla egter bietjie oor die baie, klein, betalings per pos.**
**As u verkies kan u 'n bedrag vooruit betaal — wat ons dan sal afwerk — of u kan ons magtig om elke uitgawe, tot u kanselleer, teen u kredietkaartrekening te debiteer. Saam met hierdie uitgawe ontvang u die nodige vorm om dit met ons te reël.**

# DIE INFLASIE-SITUASIE

Jan Cronje

Inflasie is 'n woord wat deesdae deur omtrent elkeen in Suid-Afrika gebruik word om die skuldige vir ons ekonomiese swaarkry uit te wys. Omtrent al die bekende politici en ekonome het inflasie al vanaf verhoë of in die media bestempel as die grootste vyand van ons ekonomie. Ons stem almal saam omdat ons sukkel om ons geldsake te laat klop, en dis inflasie se skuld. Dis die houding van individu, kerke, besighede, boere, munisipaliteite provinsiale rade en die regering.

Ons hoor en lees dat ons inflasiekoers buitensporig hoog is. Dit is oor die 15 persent en dié van ons handelsvennote, nl. die Verenigde Koninkryk, VSA, Frankryk en Japan, is onder die 5 persent. Iets moet hieraan gedoen word, sê ons almal.

Hoekom is ons inflasie so hoog? Hoe het ons daarby uitgekom en wat kan ons doen om hierdie ekonomiese duiwel te verdryf?

Maar wat is inflasie nou werklik?

Die woord kom van die Engelse woord "to inflate" d.w.s. om op te blaas. Vir my lyk dit dus of die geld se waarde opgeblaas word en dus baie minder werd word. Ons het alhoemeer geld nodig om dieselfde dienste en goedere mee te koop. Ons R20-noot van 1970 is nou so groot soos 'n posseël.

Inflasie is nie 'n nuwe verskynsel nie, trouens ons lees al in die Bybel daarvan. In Haggai 1 lees ons: "Die Here sê: Neem ter harte wat met julle gebeur: Julle het gesaai, maar min geöes; julle het geëet, maar nie genoeg gekry nie; julle het gedrink, maar dors gebly; julle het klere aangetrek, maar nie warm geword nie; julle is soos 'n dagloner wat sy loon in 'n stukkende beursie steek."

Veral die deel van die loon in 'n stukkende beursie is vir ons van belang. Juis dít is inflasie.

By die hoë inflasiekoers is ons land ook nog getref deur 'n lae goudprys, ernstige droogtes, binnelandse onrus, 'n grensoorlog, lae wisselkoers van die rand teenoor die dollar, toenemende werkloosheid en dreigende disinvestering. Al hierdie faktore het veroorsaak dat ons in 'n sterk resessie inbeweeg het, dat belastings verhoog is en bowenal dat inflasie nog verder verhoog het. Ons owerhede het, lyk dit vir my, eers in 1984 die gevare begin raaksien want tot in die eerste helfte van 1984 is daar nog steeds gesê dat dit goed met ons ekonomie gaan. Die geldvoorraad het aanhoudend gegroei en regeringsuitgawes het sterk toegeneem.

Vanaf Augustus 1984 het die owerheid egter 'n streng monitêre en fiskale beleid ingestel. Hierdie beleid toon reeds 'n positiewe uitwerking want privaat verbruikersbesteding het aansienlik afgeneem. Daar is dus in 'n groot mate daarin geslaag om die vinnige omloop van geld te stuit.

Wat ons almal weet en moet besef, is dat Suid-Afrika as 'n land die afgelope paar jaar armer geword het. Ons wou dit 'n lank tyd nie hoor of weet nie en daarom het ons steeds op allerlei maniere probeer om ons lewenstandaarde so hoog soos moontlik te handhaaf en nog verder te verhoog. Om dit te kan doen, het ons regering van bankkrediet en buitelandse lenings gebruik gemaak. Ons mense het dieselfde gedoen; eers ons spaargeld gebruik, toe glad nie meer gespaar nie en toe van krediet begin gebruik maak. Nou skuld die staat miljarde in die buiteland en ons publiek en sakemanne miljarde by die finansiële instellings.

**Veral die Bybelgedeelte oor die loon wat in die stukkende beursie gesteek word, is vir ons in die inflasie-situasie van belang.**

En nou tref die pynlike aanpassingsproses gebore uit realisme ons. Streng maatreëls by owerheidsbesteding en inkorting van verbruikersvesteding veroorsaak 'n afwaartse aanpassingsproses wat nie pynloos kan geskied nie. Ons word gedwing om ons lewenstandaarde te verlaag. U weet mos dat daar nie 'n lekker manier is om die gordel in te trek nie.

Daar is werklik geen ander alternatief nie as streng maatreëls om die ekonomie reg te ruk.

Daar word ook baie gepraat van die sogenaamde inflasiespiraal. Daar word ook gesê inflasie is die grootste oorsaak van inflasie. Hoe kan ek en u help om hierdie spiraal te breek?

Om ons in hierdie tyd van hoë inflasie te handhaaf, is daar net twee moontlikhede. Ons kan ons inkomste verhoog óf ons lewenstandaard verlaag. Tot onlangs wou niemand sy lewenstandaard verlaag nie, en moes inkomste dus verhoog word. Hier is daar weer slegs twee keuses. Of om harder te werk produktiwiteit te verhoog) óf meer van die stelsel te eis.

Laasgenoemde was ongelukkig die weg wat die m meeste van ons gevolg het. Ons het hoër lone en salarisse geëis, en geld geleen. Omdat daar dan geld op so 'n wyse in die stelsel gepomp (geblaas) is, het daar 'n vraag na goedere en dienste ontstaan wat pryse laat styg het. Dit beteken in werklikheid dat ons geld se waarde verminder het. Ons het dus weer inflasie geskep, en so gaan ons voort.

Nou vra ek net: Dink ons voor ons optree? Moet ons nie liewer almal saamwerk om die beskikbare hulpbronne so doeltreffend moontlik aan te wend, om produktiwiteit te verhoog en kostestygings te beperk nie? Moet ons nie liewer aanpas by ver-

anderde omstandighede en tevrede wees met minder luukse lewenstandaarde nie? En met getemperde loon- en salariseise. Is dit nie baie belangriker dat ons 'n gesonde balans tussen besteding en bebesparing handhaaf nie? Juis nou moet daar baie oordeelkundig beplannings- en bestedingsbesluite geneem word. Die aanpassingsproses dwing ons lewenstandaarde af tot waar ons dit weer kan bekostig. Dit het nog nooit gebaat om meer te bestee as wat jy verdien nie.

Onthou: " 'n Verstandige vrou (en man) koop 'n stuk grond, en dink daaroor na." ●

## GEES WAAROM DWAAL JY?

van bl. 20

En toe... doodse stilte. Ook die wind het gaan lê. Net my hart klop woep-woep waar ek agter die skrefie van my kamerdeur in die donker staan.

Gees, waarom dwaal jy?

Twee maande later het ou tannie Winterbach uit Suidwes teruggekom. En skielik was daar 'n ander atmosfeer in die huis. Dit was nie meer of jou hare rys as jy by 'n kamer uitgaan nie. En of 'n onsigbare hand so aan jou rug vat-vat as jy 'n lig afskakel nie.

Sy het haar deel van die huis oopgesluit en my een middag genooi vir tee in 'n gesellige klein sitkamertjie langs die spens. Ek was nog nooit tevore in dié deel van die huis nie. Toe ou tannie Winterbach gaan koekies haal in die spens, het ek 'n bietjie rondgegkyk. 'n Geraamde foto teen die muur het my aandag getrek: 'n man en 'n vrou wat langs 'n motor staan. Dit was ou tannie Winerbach en haar oorlede man.

Toe sy weer die sitkamer inkom, en sien dat ek na die foto kyk, sê sy: "Ja, foeitog, my ou man is ook so tragies dood ses jaar gelede. Niks op aarde makeer nie, en toe, een Vrydagmiddag, kry ek hom dood hier op die trap in die voorportaal. Hy wou nog die wasgoedjies bo gaan ophang, want dit het gereën buite."

En toe ek weer na die foto kyk, sien ek hy het 'n wit stofjas aan, en 'n grys flanelbroek, met omslae.

Maar wat my die meeste getref het, was sy skoene. Bruin skoene met rubbersole, en 'n gestikte patroontjie op die neus. ●

**(Nico, maar waar is die religieuse perspektief dan? O, ék het gesê dis 'n geestelike tydskrif...— Red.)**

## 'N KEEL SOOS 'N GRAF

van bl. 6

Hy het ook Hebr. 12:14 geskreeu. "Beywer julle vir vrede met alle mense asook vir 'n heilige lewe, waarsonder niemand die Heer sal sien nie." Net voor dit het die Bybelskrywer (hfst. 11 en 12) 'n lys van "Bybelheiliges" verstrek wat die sluiptelefoneerder se ore moes laat tuit het. Jefta, Simson, Ragab, Tamar, Dawid... En net na vers 14 staan daar: Sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie."

Nou, Meneer, die gelowiges is 'n gehawende spul wat uit die krotte en die stegies genadiglik na die groot maaltyd gedwing is. Jý ook. As jy dit maar weer wil onthou. Hulle is op Golgota geheilig — dáárom moet hulle hul vir vrede en 'n heilige lewe beywer. 'n Mens word nie gered met 'n heilige lewe nie. 'n Mens beywer jou vir 'n skoon lewe omdat jy gered is.

En as jy dit verstaan, skree jy nie vir mense so oor die telefoon nie.

**Die Kerkbode**

Nee, die redakteur van Swart op Wit skryf nie minder in Die Kerkbode as gevolg van sy betrokkenheid by eersgenoemde nie. Daar lê steeds ongepubliseerde bydraes by Die Kerkbode — soos die afgelope vyf jaar, onafgebroke. Swart op Wit het sy eie karakter en funksie. ●

## TE VOET DEUR DIE KATEGISMUS

van bl. 9

Jy moet onthou dat die Kategismus geskryf is in 'n tyd baie soos nou. Die vroomheidsgodsdiens het die toon aangegee. Mense het wel gesê hulle word deur genade gered, maar in praktyk het hulle gedink, diep in hul harte, dat dit hulle vrome toewyding is, hulle kies vir Jesus, wat die ding doen. Dáárom sê die Kategismus: Vergeet daarvan: Daar is geen brug tussen jou natuur, jou menswees, en die redding van God nie. Jy kan nie op 'n punt kom, en dan oorstap nie. As God nie sy hand uit die hemel steek nie, sak jy, met al jou gekunstelde vroomheid, diep weg in die hel.

VOLGENDE KEER: Hoekom is dit so? Het God ons dan so gemaak? Is dit regtig waar? Wat dan van al die do it yourself handboekies? Soos die Hatfield Baptiste: "Take the morning off... Mean business with God..." ●

## KONFLIK IN DIE HUWELIK

van bl. 8

huwelike word gebou op aanvaarding van mekaar, nie verandering van mekaar met maak en breek nie. En as die twee mekaar aanvaar het, dán kan hulle mekaar toenemend vind in 'n proses van sagte skuur.

Hoewel dit waar is dat die lewensmaats mekaar moet aanvaar, dus konflik as grondpatroon moet verwerp, is dit tog net moontlik op die basis van wedersydse liefde. Dit is onsinnig om te dink dat jy die nie-liefhê van die ander een ook maar moet aanvaar. Om nie lief te hê nie, is nie 'n karaktereienskap nie, dis 'n sonde. Aanvaarding geskied op die basis van wedersydse liefde. A daar nie liefde is nie, is daar in wese nie 'n huwelik nie. En, versigtig, 'n huwelik sonder liefde, lei tot liefde sonder 'n huwelik.

Dis soms so ingewikkeld.

Waarom droog die liefde op? Wat kom eerste: liefde of aanvaarding?
Ek weet nie altyd nie. Wat ek wel weet, is dat sommige mense nie kan liefhê nie, omdat hulle te groot is en te trots. Liefhê is buig, en lê, en oorgee, en deel, en oopmaak. Maar hulle kan nie, want hulle is te stram. Vir hulle is liefde verloor. Hulle kan nie verloor nie. Hulle móét wen. As hulle verloor wil hulle dood.

En liefhê is inderdaad verloor. Dis brood op die water gooi. Dis om jouself weg te gee aan iemand anders; om jou kop en jou hart te verloor.

Daarom is liefde die einde van konflik in die huwelik. As jy iemand liefhet, wil jy hom nie oorwin nie. Jy wil jou aan hom oorgee. Jy mag hom nog wil verower, maar jy wens hom nie dood nie. Jy wil hom juis sien groei en presteer. Daar is geen bedreiging in sy suksesse nie. Net vreugde om te deel. 'n Huwelik waarin die een se dood die ander se brood is, is 'n baie siek huwelik. As twee mense waarlik een is, sit hulle sáám skouer aan die wiel. ●




**Toe het Gód** verkoop tans teen R7-95 by CLARITAS (posbus 15621, Lynn East 0039) maar die prys word 1 Oktober noodgedwonge na R8-95 (plus AVB) verhoog.

## 87. Kuns, sensuur en pop-musiek

Ja, natuurlik kan 'n Christen 'n kunstenaar wees. En dié wat nie is nie, kan kuns waardeer en vir die kunstenaars bid. Hulle is mense (die kunstenaars) met oop senuwees – hulle voel en hoor en sien dieper. Veral pyn voel hulle dieper. As hulle ongelowig is, vloek hulle oor al die pyn en sê en skryf en dig dat alles net skyn is, en dat die werklikheid 'n illusie is waarvan ons ongelukkig kennis dra. Daarom verdrink hulle dikwels hul siniese smart in alkohol en dwelmmiddels. Of hulle sterf netjies 'n sinlose dood, soos die Romeinse soldaat by Pompeji wat die lawa sien kom het, en net so op aandag versteen het. 'n Christenkunstenaar voel en sien ook die pyn en onsekerheid wat aan sy hart ruk. Maar as hy die woorde van God glo, die woorde in die Boek van Sekerheid, dan word daar in sy kuns die verwagting en die hoop op wederkoms gebore. Dan skilder en beskrywe hy nog die tragiese en die aaklige, maar nie sonder hoop nie. Geen kuns wat waarlik groot is, is hopeloos nie. Christelike kuns wat groot is, se hoop en verwagting is op die seker woorde van God gegrond. (Oorbodig om te sê Christelike kunstenaars skilder nie net Bybelprentjies en skryf kerkmusiek nie. Hulle maak tekens van die koninkryk van God wat kom.)

Teen hierdie agtergrond moet kuns geweeg en gesif word. 'n Stuk is nie vuil omdat daar 'n vloekwoord in voorkom nie, en 'n skildery van 'n naakte vrou is nie daarom pornografie nie. (Swak kuns en pornografie mis onder meer subtiliteit, verfyndheid. Dit vlek sommer blatant oop. Dááraan gemeet, word 'n dik stroom godsdienstige "pornografie" aan mense opgedis.) Sensuur moet daar wees – veral in 'n plofbare land soos Suid-Afrika. Maar ons moet almal werk in die rigting van 'n volwasse, opgevoede smaak wat die swak ding eenvoudig op die rak laat bly staan.

En pop-musiek? Wat sal ek jou daarvan vertel wat jy nie weet nie? Dat jy moet luister na die grondtoon daarvan. Wat propageer dit? Is dit gelowig? Glo dit aan die toekoms? Of populariseer dit die filosofie van sinloosheid, om alles maar te geniet solank dit hou? En jy kan gerus ook maar ons eie Afrikaanse populêre musiek ondersteun, en as dit nie goed genoeg is nie, daarop verbeter. Natuurlik begin lojaliteit tuis. Jy eet al jou ma se kos op jou bord omdat dit sý is wat dit in liefde vir jou gemaak het.

"Waarom het julle kwaad vir goed vergeld?"

Die paleisbestuurder weet natuurlik dat dit nie waar is nie. Hy het self die beker geplant. Juis daarom kan hy sy rol so oortuigend speel.

"Wat dan nou weer, Meneer?"

"Die beker, my heer se drinkbeker, die silwer een. Moenie maak of julle nie weet nie. Die kosbare een waarmee hy ook die toekoms lees." Dit kan ook vertaal word: Hy sou in elk geval (op 'n goddelike wyse) kon uitwys wat van sy beker geword het. Julle sou tog nie met hierdie diefstal weggekom het nie. Hoe dom is julle tog.

Nou is hulle onskuld waarlik eg en gesuiwerd.

"Maar hoe kan Meneer so sê?! Ons sal mos nooit so iets doen nie."

Dit is tegelyk die waarheid en 'n leuen. In die huidige opset sal hulle dit nie doen nie, maar twintig jaar tevore het hulle moord laat vaar vir twintig sikkels silwer omdat dit finansieel voordeliger was. Hulle sal nie die onderkoning se beker steel nie, natuurlik sal hulle nie. Maar hulle het die onderkoning se vader se seun gesteel, en die onderkoning as 'n slaaf verkoop. Net twintig jaar gelede. Vir mense mag dit dalk na 'n anachronisme klink, maar in respectu Dei is dit 'n geldige argument, want God is gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde. God verander slegs in één opsig – dat Hy berou kry oor die onheil.

"Meneer, u self is getuie hoe ons die gewigtige geld 400 kilometers ver teruggedra het, die geld wat ons vorige keer in ons sakke teruggevind het. Hoe haal ons dit nou in ons hoofde om silwer of goud uit die huis van u heer te steel? Dit klop tog nie! Asseblief Meneer, verstaan tog rede."

Maar die skeptiese blik in die man se oë wyk nie. Hoe kan dit, hy weet mos waar die beker is:

"Die een van u dienaars by wie die beker gevind word, moet sterf. En ons sal ook my heer se slawe wees."

Toe speel die man verder saam. Hy en Josef moes baie goed oor die weg gekom het.

"Goed, ek aanvaar dit. Ek is net nie so wreed soos julle nie. Dié een by wie die beker gevind word, sal my slaaf wees. Die ander kan gaan."

Dit klink nie so sleg nie. Selfs al het een of ander stommerik die beker geneem.

Grts-grts rits die growwe toue deur die goiingsakke. En die man begin soek. Gebou vir drama. Begin by die oudste. Eindig by die onskuldige jongste. Hulle het net begin asemhaal. Hier kom die silwerbeker, effe vaal van die koringstof, soos 'n monster by Benjamin se sak uit.

Toe skeur hulle almal hulle klere, en elkeen laai sy esel en hulle gaan na die stad terug. Almal. Hulle kon vrykom. Die omstandighede is presies dieselfde as toe die jonge Josef op 'n gemene manier verraai en verkoop is. Die prys is selfs hoër – hulle eie vryheid. Maar hulle draai soos een man om met hulle geskeurde klere en harte. Want God het hulle gedors. Hy het met sy Josef-slee heen en weer oor hulle gery.




kan bestel word by
CLARITAS (posbus 15621, Lynn East 0039)
teen R8-58 plus AVB

## *In ligter luim*

# GEES WAAROM DWAAL JY?

'n Spookstorie deur Nico Steenberg

**Ek glo nie aan spoke nie, maar ek is baie baie bang vir hulle — die Skrywer**

Ek het per trein op George aangekom. Die bank waar ek gewerk het, het my soontoe verplaas. Op die stasie het ek my paar koffers agter in 'n taxi gelaai, en dié het my na die Hotel Gelderland gebring waar ek twee weke gebly het.

Aan die einde van daardie maand het ek my intrek geneem by Gloucesterlaan 9, die dubbelverdiepinghuis van die weduwee Winterbach, 'n ou dame van 76 wat alleen daar gewoon en geruisloos soos 'n skim deur die huis beweeg het asof sy iets soek. Ek moes nog my etes by die hotel neem, want sy het 'n paar dae later na Suidwes vertrek om twee maande lank by haar dogter te kuier. Sy het haar deel van die huis en ook die boonste verdieping toegesluit. Twee maande lank was ek dus die enigste inwoner van 'n groot, spookagtige ou dubbelverdiepinghuis. Maar nooit was ek bang nie, en het net die heerlike stilte geniet ná 'n harde dag in die bank. Soms het ek eers na donker by die huis gekom, want ons het baie oortyd gewerk. Selfs as ek die donker huis oopsluit en ingaan, het ek nooit aan spoke gedink nie.

En, eienaardig genoeg, het die spook my die eerste maal nie in die donkerte van die nag besoek nie, maar wel helder oordag.

Dit was een Vrydagmiddag so teen halfses. Die son het nog buite geskyn, en ek was in die badkamer doenig. Die klep van die waterbak bokant die toilet het nie dig gesluit nie, en water het aanhoudend in die spoelbak geloop. Ek het dus die deksel van die waterbak afgehaal, en met die balklep begin werskaf. My aandag was heeltemal in beslag geneem deur wat ek op daardie oomblik besig was om te doen.

Toe was dit meteens of daar 'n voelbare teenwoordigheid by my was, en of iemand duidelik vir my sê: Kyk agter jou!

Ek het gebukkend oor die waterbak gestaan, met my rug na die deur, en het steeds gebukkend so op die vloer langs omgekyk... en toe staan die gees agter my! Geruisloos het hy ingekom, want op die plankvloer móés ek sy voetstappe gehoor het. Maar ek het niks gehoor nie. En tog staan hy daar. Ek het ook net sy voete gesien, en sy bene. Want toe ek opkyk, bokant die bene — toe is daar niks! En toe ek weer afkyk, toe is dáár ook niks!

Maar ek het sy skoene so duidelik gesien: bruin skoene met rubbersole, en 'n gestikte patroontjie in die leer op die neus van die skoene. En hy het 'n grys flanelbroek aangehad met omslae. Toe ek opkyk, was daar net iets soos wasem wat verdwyn het, en 'n muwwe reuk soos ou wasgoed het in die lug gehang.

Ek was dronkgeslaan en het by die badkamer uitgeloop, die gang af, in die voorportaal en in die kamers gekyk, maar daar was niemand nie. Ek het buite in die erf gekyk, en daar was niemand, ook nie in die straat nie. Ek is terug na die badkamer, maar daar was dit ook leeg, net die vreemde reuk het nog daar gehang. Buite het die laatmiddagson nog flou geskyn.

Twee maande lank het ek alleen in die huis gewoon met die ongemaklike wete dat ek nie alleen is nie. Dit was asof daar 'n onsigbare teenwoordigheid was. Soms het die hare op my kop gerys wanneer dit voel of die onsigbare ding hier bý jou verbygaan

Een nag, dit was helder maanskyn, my lig was al afgeskakel, maar ek het nog nie geslaap nie, toe het hy weer gekom. My kamer was langs die voordeur, wat ek self vroeër die aand gesluit het, en toe hoor ek duidelik die voordeurslot oopgaan, en toegaan, maar niemand kom in nie. Buite het die wind gewaai en in die skoorsteen afgekom. Die houttrap wat uit die voorportaal na die boonste verdieping lei, het gekraak. Daar was geen voetstappe nie, maar die deur bo-aan die trap het oopgegaan, en toegegaan. Dié deur was gesluit.

Ek het in die donker opgestaan, vinnig in die portaal gekyk, en my kamerdeur toegemaak. Lank het ek so gestaan, te bang om te beweeg, en nie geweet wat om te doen nie. Toe maak ek my deur so op 'n skrefie oop om in die portaal te sien. Dit was skemerdonker, maar ek kon darem die trap sien. Daar was niemand in die portaal nie.

En toe gebeur dit. Lángs my knars die voordeurslot, asof hy oopgaan, maar die deur bly toe. En tog kom daar 'n wind in. 'n Wind wat soos ou wasgoed ruik. Het ek my verbeel, of was daar 'n deinserige beweging? Ja tog, want toe kraak die trap weer. En daar is 'n stadige tjie-tjie-geluid soos van rubbersole wat op gepoleerde planke loop, of trappe klim. Toe meteens is daar 'n geweldige slag! Dit klink soos iets of iemand wat op 'n plankvloer val.



Na bl. 17